**Poppekas 2 – Bewusmaking van Seksuele molestering (Geestelik)**

# Bedryf 1

Lolla en Frikkie kom op.

**Lolla:** Hallo al die maatjies. Gaan dit goed met julle? Vandag wil ek sommer baie ernstig met julle oor iet gesels. Ek wil met julle praat oor hoe om jou lyfie veilig te hou. Ons lyfies is baie spesiaal en dit behoort aan ons. God het ons elkeen gemaak en Hy wil hê ons moet mooi na ons lyfies kyk. Dink julle ons moet mooi na ons lyfies kyk? Hmmm? Hoe dink julle kan ons dit doen? (Oefening gereeld doen, eet gesonde kos.)

**Frikkie:** Maatjies, jou lyfie behoort aan jou en jy kan wonderlike en pret dinge daarmee doen. Wat dink julle kan mens doen? (Swem, hardloop, spring, ens.)

**Lolla:** Frikkie, het jy geweet dat mens ook goeie en slegte aanrakings kry?

**Frikkie:** Wat is goeie en slegte aanrakings, Lolla?

**Lolla:** 'n Goeie aanraking is soos om mamma se hand vas te hou wanneer julle oor die straat stap. Of om vir ouma 'n lekker vet drukkie te gee.

**Frikkie:** So 'n slegte aanraking sal wees wanneer daai boelie Robbie my ore trek of my skop?

**Lolla:** Ja Frikkie, dis beslis slegte aanrakings.

**Frikkie:** Ek wonder wie van die maatjies hou daarvan om gekielie te word?

**Lolla:** O, ek hou daarvan. Ek en pappa speel te lekker en dan kielie hy my so in my ribbes. Ek lag dan dat die trane loop!

**Frikkie:** Ek hou niks van gekielie word nie.

**Lolla:** Maatjies, ons kan besluit hoe ons aan gevat wil word. Selfs grootmense is veronderstel om te luister wanneer jy sê dat jy nie aan gevat wil word nie.

Skielik kom Neelsie opgehardloop. Hy is baie uitasem. Lolla en Frikkie skrik vir hom.

**Lolla:** Nee man Neelsie! Vir wat laat jy mens so groot skrik? Waar kom jy vandaan?

**Neelsie:** **Hyg na sy asem. Probeer praat, maar is te uitasem.**

**Frikkie:** Neelsie, staan net stil en haal diep asem. Jy lyk of jy tien spoke gesien het.

**Lolla:** Neelsie, wat het gebeur?

**Neelsie:** Wa-wa-wa-ter.

**Lolla:** Maatjies, Neelsie lyk sommer baie ontsteld. Laat ons hom net gou rustig kry en dan is ons nou terug om verder te gesels.

**Frikkie:** Kom Neelsie, my ou vriend. Kom ons gaan kry gou vir jou ietsie om te drink jong.

**Neelsie:** Wa-wa-water (hyg), suiker water. (hyg) Vir die skok.

Al die poppe gaan af.

## Bedryf 2

Al die poppe kom op.

**Lolla:** Neelsie, het jy darem nou al jou asem terug?

**Neelsie:** Ja darem Lolla.

**Frikkie:** Wat het gebeur Neelsie? Jy was darem maar bleek jong.

**Neelsie:** Julle sal my nie glo nie. Ek was besig om nog lekker my kite te vlieg toe daar skielik 'n kar langs my stop. Die oom in die kar het my geroep.

**Frikkie:** Wat wou hy hê Neelsie?

**Neelsie:** Hy het 'n sjokolade by hom gehad en het gevra of ek dit wil hê.

**Lolla:** Ek hoop nie jy het dit gevat nie, Neelsie.

**Neelsie:** Ek was soooo honger Lolla. Ek het nader gestap om dit te vat. Die oom het gaaf gelyk. Hy het my gevra of ek in die kar wil kom eet en bietjie gesels.

**Lolla:** En toe?

**Neelsie:** Ek het ingeklim en dinge was oraait. Maar toe vra hy my 'n snaakse vraag.

**Frikkie:** Wat het hy gevra?

**Neelsie:** Hy het gevra of hy aan my lyfie mag vat wanneer ek klaar die sjokolade geëet het.

**Lolla:** Maar dis mos nie reg nie.

**Neelsie:** Ek het ook nie so gedink nie.

**Frikkie:** Wat maak jy toe Neelsie?

**Neelsie:** Ek het uitgespring en gehardloop so vinnig as wat ek kon weg van die oom af. Ek was so bang.

**Lolla:** Maar dis vreeslik Neelsie!

**Neelsie:** Ek was nog nooit so bang nie.

**Frikkie:** Ons was juis besig om met die maatjies te praat oor hoe om hulle lyfies veilig te hou.

**Lolla:** Maatjies, dink julle mens kan jou lyfie veilig hou deur in 'n kar te klim met 'n oom of tannie wat jy nie ken nie?

**Neelsie:** Lolla, ek dink jy moet vir my en die maatjies vertel hoe om ons lyfies veilig te hou.

**Lolla:** Wel Neelsie, party dele van ons lyfies word privaat genoem. Dit is die dele wat jy met 'n swembroekie toehou wanneer jy gaan swem, want dit is net joune.

**Lolla:** Toe jy 'n babatjie was, het mamma of pappa jou privaat dele gewas wanneer hulle jou gebad het, of jou doek omgeruil het.

**Frikkie:** 'n Dokter mag dalk partykeer aan jou privaat dele moet vat as jy siek is, maar dan moet mamma of pappa altyd by wees.

**Lolla:** Niemand mag ooit vir enige ander rede aan jou privaat dele vat nie! Nie eers iemand wat jy weet lief is vir jou nie!

**Neelsie:** Nou wat maak ek as iemand aan my privaatdele wil vat.

**Lolla:** As iemand vir jou vra om aan jou privaat dele te vat of as hulle wil hê jy moet aan hulle privaat dele vat of daarna kyk, dan skree jy: Nee! Ek wil nie!

**Neelsie:** Nee! Ek wil nie!

**Frikkie:** Daarsy Neelsie. So moet jy skree. Maatjies, wil julle probeer. Kom ons skree: Nee! Ek wil nie!

**Neelsie:** En nadat ek dit geskree het, wat maak ek dan?

**Lolla:** Dan gaan vertel jy 'n grootmens wat jy kan vertrou.

**Frikkie:** Ek wonder of die maatjies vir ons kan vertel wie grootmense is wat ons kan vertrou? (Mamma, Pappa of iemand anders in die familie, 'n Maatjie se mamma, die dokter, jou onderwyser of 'n polisie man).

**Lolla:** Ek wil vir julle iets belangriks vertel maatjies. As iemand dalk al aan jou privaat dele gevat het, onthou, dis nie jou skuld nie. Moenie bang wees om te vertel nie. Al sê hulle dis 'n geheim. Ons is almal God se kinders en ons is elkeen spesiaal deur Hom gemaak. Daar is net een van jou. God wil nie hê dat iemand jou so moet seermaak nie. Hy is sommer baie lief vir elkeen van ons en wil net mooi en goeie dinge vir ons hê.

**Neelsie:** Is God regtig lief vir my ook Lolla. Ek sukkel dan so met my Wiskunde? Om nie eens te praat van my Engelse lees nie.

**Lolla:** Natuurlik is Hy lief vir jou Neelsie en jy is vir Hom baie belangrik.

**Neelsie:** Dankie Lolla en Frikkie dat julle ons nou so mooi geleer het. Ek behoort aan God en my lyfie is spesiaal deur Hom gemaak. As iemand weer vra om aan dit te vat, weet ek wat om te doen. Kom ons oefen weer wat ons gaan skree: Nee! Ek wil nie!

**Lolla:** Neelsie, dis tyd om huistoe te gaan. Kom ons gaan vertel vir jou mamma wat gebeur het. Dankie maatjies dat ons vandag by julle kon kom kuier het. Onthou dat julle spesiaal is en dat God julle liefhet. Veilig bly.

Frikkie, Neelsie en Lolla gaan af terwyl hulle tatta maatjies sê.